Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 8, Nr 4, 1978. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# BOEKBESPREKINGS
# BOOK REVIEWS

## IMPERIALISME EN NASIONALISME KERNGESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA

**1886–1948, deur G.D.J. Duvenage. McGraw-Hill Boekmaatskappy, Johannesburg, 1978. 188 bladsye.**

Professor Duvenage, die Hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Wes-Kaapland, lewer met hierdie studie 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse geskiedskrywing oor Suid-Afrika. Die inhoud is nie gegrond op 'n sintese van primêre bronne nie, en daar word ook nie nuwe feite vir die eerste keer gepubliseer nie. Wat aangebied word is 'n nuwe interpretasie van reeds bekende gegewens: 'n hedendaagse historikus se hervertolking van feite wat deur talle voorgangers aan die lig gebring is.

IMPERIALISME EN NASIONALISME is in die eerste plek, soos die titel suggereer, 'n politieke geskiedenis. Ekonomiese en maatskaplike faktore kom ter sprake, hoofsaaklik waar dit 'n invloed op die politieke toestand gehad het, of andersom. Na 'n kort inleidingshoofstuk begin die geskiedenisbespreking by die ontdekking van goud aan die Witwatersrand in 1886 waardeur, aldus die skrywer, die stryd tussen Afrikaner- nasionalisme en Britse imperialisme geintensifeer is, en waardeur die swaartepunt van die Suid-Afrikaanse geskiedenis na Transvaal verskuif het. Daarna word dan ook feitlik net aandag gegee aan die geskiedenis van die stryd tussen Imperialisme en Nasionalisme in Transvaal tot en met die Anglo-Boereoorlog. In die tweede deel van die boek word die hele Suid-Afrika betrek in 'n bespreking van die ontwikkeling: Van Koloniale Onderhorigheid tot Soewereine Onafhanklikheid, 1902–1903. So ook in die derde en laaste deel: Op weg na Afrikanersupremasie, 1931–1948. Politieke aspekte bly strykdeur op die voorgrond.

Die skrywer slaag daarin om 'n objektiewe beeld van 'n afbakenbare tydvak in die Suid-Afrikaanse geskiedenis daar te stel. Die ontdekking van goud het Britse imperialisme na Suid-Afrika gelok, en met die triomf van die Nasionale Party in 1948 het die Afrikaner-nasionalisme die finale oorwinning behaal. Daarna is die politieke toneel soos die skrywer tereg opmerk (p 165) oorheers deur die botsende standpunte betreffende blank-swart verhoudings.

Die leser sal die boek hoogs leesbaar vind. Hy word ook nie met 'n oorvloed van feite gekonfronteer nie. Strominge in die geskiedenis word aangetoon en die feite dien slegs tot illustrasie daarvan. Enigiemand, hetsy geleerde of die man op straat, wat belangstel in die huidige Suid-Afrikaanse samelewing, behoort hierdie kort studie deur 'n prominente Suid-Afrikaanse historikus te lees. Die hede is immers slegs verstaanbaar teen die agtergrond van die verlede.

**J.E.H. Grobler**